4 September 2015

GERIG AAN:
Alle leraars / kerkrade / belanghebbendes
Gemeentes - NG Kerk Vrystaat

Geagte broer/suster,

SINODALE BID- EN DANKDAG

U is reeds verlede jaar in kennis gestel dat **Sondag 13 September 2015**, 'n *Sinodale Bid- en Dankdag* in die Vrystaat is. Ons wil 'n baie vriendelike beroep op u doen om asseblief dié dag in u gemeente inderdaad as 'n bid- en dankdag in te ruim.

Dit pas ons om, alvorens ons die Here in gebed en danksegging nader, onself voor Hom te verootmoedig. Ons moet opnuut nadink oor al ons sondes. Daar is sondes waar ons met gedagtes, met woorde, of met dade oortree het. Daar is ook sondes van versuim, waar ons nagelaat het om die opdragte van die Here uit te voer. Laat ons ons as individue, gemeentes en kerk hieroor opreg voor God verootmoedig in opregte skulderkenning en belydenis. Laat ons dan vas glo dat ons oortredinge vergewe is op grond van die verdienste van die Here Jesus Christus. Laat ons ernstig daarna strewe om met ons hele lewe dankbaarheid aan Hom te bewys deur in ware liefde teenoor Hom en ons medemens te lewe (vergelyk die *Formulier vir die Bediening van die Nagmaal*).

Sake waarvoor u voorbidding kan doen en die Here voor kan dank:

- **Die Nederduitse Gereformeerde Kerk**
  - Dank die Here daarvoor dat Hy steeds die NG Kerk as deel van sy kerk bewaar.
  - Dank Hom vir sy seën in ons gemeentes en in die kerk in breër verband, te midde van die uitdagende tye waarin ons ons bevind.
  - Dank Hom opnuut vir die 150 jaar wat Hy ons as sinode begenadig het.
  - Bid vir u eie gemeente, u ring, ons sinode en die kerk se werksaamhede op al die vlakkke (jeugwerk, getuienis, diens van barmhartigheid, ensovoorts).
  - Bid in besonder vir die Algemene Sinode wat van 4 tot 9 Oktober 2015 in Pretoria vergader - die voorbereiding, die vergadering self en waarde daarvan vir die kerk en koninkryk.
- **Ons land en sy mense**
  - Die owerhede - regerings en leiers op alle vlakke.
  - Onderwys en opleiding - die huidige onrus, komende eksamens, ensovoorts.
  - Dienslewering - op alle vlakke, byvoorbeeld veiligheidsdienste, nooddienste, mediese dienste, maatskaplike dienste, munisipale dienste, telekommunikasie, pos, elektrisiteit, water, vervoer, ensovoorts.
- **Die natuur/omgewing**
  - Die komende saai-seisoen - voldoende reëns, sonskyn, wind, vrugbaarheid en groeikrag.

Tel: +27 (0) 51 406 6719 | Faks: +27 (0) 86 502 0821 | E-pos: kerkinfo@ngkvs.co.za | Posbus 11412 | Universitas 9321

- Verantwoordelike gebruik en bewaring van die wonderlike skepping wat die Here aan ons sorg toevertrou het.

Dit staan u natuurlik vry om te bid vir enige ander sake in u eie omgewing, of van algemene belang wat die Here vir u en u gemeente op die hart lê. Wanneer ons bid, doen ons dit in die volle geloofsvertrou op Hom wat gesê het: "As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen." (Joh 14:14)

Vriendelike groete in Christus.

Ds Helgard J van Rensburg
VOORSITTER – INTERIMKOMITEE

Dr Carin van Schalkwyk
SKRIBA - INTERIMKOMITEE